Plot 130 • Wessels Street • Klerksdorp • 2571
PO Box 7066 • Flamwood • 2572
Tel: 018 406 9831/7 • Fax 018 406 9832
www.rncsa.co.za

KONTRAKTERME EN VOORWAARDES VAN DIE HANDELSOOREENKOMS GESLUIT MET RIVER NORTH CARRIERS

1. Definisies

In hierdie ooreenkoms beteken:

1.1 **"Debiteur"** die Debiteur omskryf in die Aansoek vir 'n Handelsrekening by River North Carriers;

1.2 **"River North Carriers"** River North Trading 18 BK; en

1.3 **"Vervoerdienste"** alle vervoer en verbandhoudende dienste gelewer deur River North Carriers aan die Debiteur, soos ooreengekom van tyd tot tyd.

2. Vervoerdienste

2.1 Die partye sal van tyd tot tyd ooreenkom oor die besonderhede van vervoer en verbandhoudende dienste om gelewer te word deur River North Carriers aan die Debiteur, insluitend die goedere, roete, tarief en betaalterme.

2.2 Die Debiteur onderneem om in hierdie verband alle besonderhede te verskaf en alle dokumentasie te onderteken soos vereis deur River North Carriers in verband met die vervoerdienste.

2.3 River North Carriers sal 'n faktuur uitreik aan die Debiteur, ten opsigte van die vervoerdienste.

3. Betaling

3.1 Die Debiteur sal betaling maak op die ooreengekome betaaldatum in terme van die Handelsooreenkoms, en indien die Handelsooreenkoms nie die betaalterme bevat nie, ooreenkomstig die betaaldatum gereflekteer op die faktuur, verder alternatiewelik indien die faktuur geen betaalterm bevat nie, betaling binne 14 dae na datum van faktuur.

3.2 Alle betalings aan River North Carriers moet direk in die bankrekening van River North Carriers gemaak word, soos gespesifiseer op die faktuur, en sonder enige

aftrekking of skuldvergelyking en vry van bankkoste of kommissie.

3.3 Alle betalings of krediet op rekening van die Debiteur sal in die uitsluitlike diskresie van River North Carriers toegeken word aan enige rekening van die Debiteur by River North Carriers gehou, tensy ŉ uitdruklike toekenning skriftelik ooreengekom is.

4. **Lewering van State**

4.1 Goedere en/of dienste wat River North Carriers voorsien aan ŉ Debiteur, sowel as enige krediete wat aan die Debiteur verskuldig is, sal uiteengesit word op ŉ staat wat River North Carriers aan die Debiteur sal stuur.

4.2 Tensy die Debiteur binne 30 dae vanaf ontvangs van sodanige staat vanaf River North Carriers ŉ skriftelike beswaar aflewer teen enige debiet of inskrywing gereflekteer daarop, sal alle debiete en inskrywings daartoe geag word korrek te wees en afdoende bewys van sodanige inskrywings daarstel.

4.3 Indien die Debiteur nie vir ŉ spesifieke maand ŉ staat ontvang nie moet die Debiteur ŉ duplikaat daarvan versoek of per epos of per faks. Die Debiteur sal gevolglik onherroeplik geag word sodanige staat te ontvang en ingestem het tot die inhoud daarvan.

5. Kontrakbreuk

Indien die Debiteur versuim om enige term of voorwaarde van die Handelsooreenkoms na te kom, sal River North Carriers, sonder benadeling van enige ander remedies wat hulle mag hê, geregtig wees op een of meer van die volgende:

5.1 Versnelling en ŉ eis vir betaling van alle uitstaande bedrae en ook ŉ eis vir skadevergoeding;

5.2 Kansellasie van die Handelsooreenkoms en ŉ eis vir skadevergoeding;

5.3 Perfektering en tegeldemaking van alle sekuriteite verskaf deur die Debiteur;

5.4 Eis vir volle openbaarmaking van die Debiteur se finansiële posisie, ondersteun deur sodanige dokumentêre bewys soos wat deur River North Carriers vereis mag word;

5.5 Kennisgewing deur die Debiteur van alle regstappe ingestel teen die Debiteur; en

5.6 Registrasie van ŉ notariële verband oor die roerende bates van die Debiteur, op gebruiklike terme en tot die bedrag van die Debiteur se verskuldigdheid aan River North Carriers.

6. Afstanddoening van Spesiale Verwere

Die Debiteur doen hiermee onherroeplik afstand van sy of haar regte tot die volgende spesiale verwere:

6.1 Geen geldige skuldoorsaak;

6.2 Uitskudding;

6.3 Verdeling;

6.4 Bedrag is verkeerd bereken;

6.5 Debatering van die rekening; and

6.6 Geen waarde ontvang.

7. <u>Aanspreeklikheid vir verlies of skade</u>

7.1 River North Carriers sal slegs aanspreeklik wees vir skade of verlies aan goedere vervoer wat veroorsaak is deur hulle nalatigheid.

7.2 Sulke nalatigheid is beperk tot direkte skade en River North Cariers sal onder geen omstandighede hoegenaamd aanspreeklik wees vir spesiale en/of gevolgskade.

7.3 Eise moet binne 60 dae nadat die skade gely is, skriftelik voorgelê word, by gebreke waarvan River North Carriers glad nie aanspreeklik sal wees nie.

7.4 River North Carriers sal nie aanspreeklik wees vir enige skade veroorsaak deur omstandighede buite hulle beheer, soos oorlog, verandering van fiskalebeleid, stakings, uitsluitings, onderbrekings weens brand, beurtkrag, beurtwater en soortgelyke omstandighede.

7.5 River North Carriers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies in massa van goedere vervoer tensy sodanige massa bepaal is deur ’n gesertifiseerde gekalibreerde weegbrug, beide by op- en aflaai. Die debiteur bevestig dat indien River North Carriers aanspreeklik moes wees vir skade veroorsaak deur omstandighede hierbo uitgesluit, River North Carriers addisionele uitgawes en kostes sal oploop en welke koste ’n hoër vervoertarief tot gevolg sal hê. Die Debiteur verkies en aanvaar derhalwe die beperkinge op die aanspreeklikheid van River North Carriers hierbo uiteengesit as redelik.

8. <u>Sessie</u>

8.1 River North Carriers sal geregtig wees om enige eise teen die Debiteur te sedeer, sonder toestemming of kennisgewing aan die Debiteur.

8.2 Die Debiteur sal nie geregtig wees om sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van River North Carriers enige regte wat die Debiteur mag hê teen River North Carriers te sedeer nie.

9. <u>Regsaksie</u>

9.1 Ongeag die bedrag van die aanspreeklikheid, stem die Debiteur toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof wat andersins jurisdiksie mag hê ten opsigte van

alle eise en dispute voortspruitend uit hierdie Handelsooreenkoms, sonder benadeling van die reg van River North Carriers om regsprosesse in ’n ander bevoegde hof in te stel.

9.2 Indien River North Carriers regsproses instel teen die Debiteur ten opsigte van hierdie Handelsooreenkoms, sal die Debiteur aanspreeklik wees vir betaling van die koste van River North Carriers op ’n prokureur-en-eie-kliëntskaal.

10. <u>Domicilium adres</u>

10.1 Die Debiteur wys die fisiese adres gereflekteer in die aansoek vir ’n Handelsrekening as sy gekose domicilium et executandi aan vir die betekening van alle kennisgewings en proses.

10.2 River North Carriers wys Plot 130, Wesselstraat, Klerksdorp aan as hulle gekose domicilium citandi vir die betekening van alle kennisgewings en proses.

10.3 Sodanige dokument en kennisgewing sal geag word deur die Debiteur ontvang te wees:

10.3.1 Indien per hand afgelewer op die datum van aflewering;

10.3.2 Indien versend per voorafbetaalde geregistreerde of gesertifiseerde pos, op die 10 de dag na versending;

10.3.3 Indien per telefaks of e-pos, die eerste besigheidsdag na versending; en

10.3.4 Die partye mag ’n alternatiewe kommunikasie medium gebruik, in welke geval sodanige party die bewyslas dra om ontvangs deur die ander party te bewys.

11. <u>Volledige ooreenkoms</u>

11.1 Die Debiteur bevestig dat al die terme en voorwaardes van toepassing op die ooreenkoms gesluit met River North Carriers vervat is in hierdie Handelsooreenkoms en in die aansoek vir ’n Handelsrekening.

11.2 Geen ander terme, voorwaardes, waarborge, voorstellings, onderhandelings en/of beloftes, sal geldig en bindend wees tensy dit vervat is in hierdie Handelsooreenkoms.

11.3 Geen verteenwoordiger van River North Carriers het die volmag om in te stem tot enige verdere terme en/of wysigings van die Handelsooreenkoms.

12. <u>Wysiging</u>

Geen wysiging of ooreengekome kansellasie van hierdie Handelsooreenkoms sal geldig en bindend wees tensy dit op skrif gestel en onderteken deur of namens die partye.

13. <u>Tegemoetkoming</u>

Geen tegemoetkoming en/of uitstel en/of versuim om die terme van hierdie Handelsooreenkoms streng af te dwing sal beskou word as ’n afstanddoening van die regte van River North Carriers tensy dit op skrif gestel en onderteken is deur die partye en River North Carriers sal geregtig bly om sodanige terme streng af te dwing,

14. **<u>Waarborg van volmag</u>**

Elke ondertekenaar van hierdie Handelsooreenkoms waarborg dat hy behoorlik gematig is om so te doen namens sy prinsipaal.

-000-